Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

# Episode 22

# Reënboogverbond



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie

saam met
Ah, Willa!
& VRIENDE

https://www.willa.co.za

SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met
Ah, Willa!
& VRIENDE

https://www.willa.co.za



Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

# Hierdie week in

# Episode 22

# Reënboogverbond

**Bied aan die poësie van**

Ah,Willa!, Jani Kahts, Glenn Kahts

**soos voorgedra deur**

Sanet Potgieter, Angelo Titus, Jani Kahts

**Gedagtes en Gebede deur**

André Truter

**Intro and Outro deur**

Sanet Potgieter, Anri Human, Willa Truter

## KOM LEES EN LUISTER NA

ons maandelikse potgooi
van gedigte en gedagtes
alles tot eer van
ons hemelse Vader!

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Kontak en volg Ah, Willa! & VRIENDE op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

www

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za

Ditjies & Datjies, Plus 'n Veertjie saam met Ah, Willa! & VRIENDE https://www.willa.co.za

# INDEX


Intro

Openingsgebed

Die Belofte © Jani Kahts

In Die Glorie Van U Reënboog © Ah,Willa!

Reënboog Heerlikheid © Glenn Kahts

Reënboogverbond © André Truter

Hemel Reënboog © Glenn Kahts

U Lig © Jani Kahts

U Verbond's Reënboog © Ah,Willa!

Slot gebed

Outro


**Dan volg nog 'n paar ditjies en datjies wat jy moet weet ...**

SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



**Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie**



# Jy kan luister na episode 22

@

## KLIK OP DIE IKOON

WWW

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Openingsgebed
## deur
## André Truter




Almagtige Vader,
baie dankie dat U uit U groot genade
die eerste verbond gemaak het
met die reënboog as teken.
Baie dankie dat U ook 'n tweede verbond gemaak
het met Abraham en dit ook later vir alle nasies
aangebied het deur U seun Jesus Christus.
U het nog altyd getrou gebly aan U verbonde,
alhoewel ons mense gereeld die verbond breek
deur te sondig.
Baie dankie dat U ons vergewe
en U verbond weer hernu.
Dankie vir die talente van die digters en voorlesers
wat ons tot U eer kan gebruik om U naam te
verheerlik en U groot genade uit te wys.
Seën dan asb hierdie werk.
Amen





gedig en voorgelees deur

© Jani Kahts



**Die belofte**

Die donderweer slaan;
die weerlig blits.

Dit reën, en reën en reën...

Gaan die storm dan nooit ophou nie?

Die skip tuimel van kant tot kant,
daar is water oral waar jy kyk.
Gaan dinge dan nooit weer normaal
wees nie?

God het gesê ek moet op Hom vertrou-
Hy het gesê Hy sal my
en my familie se lewens spaar.

Maar, hierdie las wat ons moet dra,
raak nou baie swaar...

Ek kyk uit by die venster,
en sien hoe die reëndruppels
in die water plons-

oor en oor en oor...

Ek verlang na die son.
Ek verlang na droë grond.
Ek verlang na blomme en blare en bome.
Ek verlang...

Wow!!!
Ek het nog nooit iets so mooi
in my hele lewe gesien nie!
Dis beeldskoon-
al die kleure, daar bo in die hemelruim.

Dis God se belofte.
Dis Sy verbond.

Die storm sal bedaar.
Die water sal weer opdroog.
Die bome, blomme en blare sal weer
opkom.

Dis 'n nuwe begin...

© Jani Kahts



## In Die Glorie Van U Reënboog

In die heerlikheid van U reënboog;
word ek herinner,
in die stilte
van die oomblik -
verkwik na die storm;
van die rede hoekom
ek voor U alleen
my kop eerbiedig buig!

U plaas die reënboog
tussen die wolke,
om my aan die
ewige verbond
tussen U en
elke lewende skepsel;
te herinner.

En soos die reënboog
se helder voorkoms
op die wolke
daardie reënerige dag,
so helder is
die voorkoms
van U heerlikheid, o Heer,
en daarom sal ek voor U alleen
in aanbidding my hoof buig.

© ♫~♥Ah,Willa!♥~♫
10 Mei 2024

gedig deur

© ♫♥Ah,Willa!♥♫



voorgelees deur

Angelo Titus



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE



Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## Reënboog Heerlikheid.

Ons Wonderlike Heilige Gees.
Ons loof en prys U ontsaglike Liefde.
U maak ons een met Vader en Seun!
Met U in ons kan ons almal seën!

U is Jesus se Reënboog in my lewe.
U vul my hart met die mooiste kleure!
Want U het my heeltemal nuut gemaak!
Net Jul Drie Eenheid maak nou saak!

Skyn deur my, my reënboog Gees.
Dat ek vir ander soos U kan wees!
Met Jesus se Bloed het U my geleer
hoe om van harte my naaste te vergewe.
Nou kan ek jubel oor dié
wie vergal het in my lewe!

Gee asseblief dat ek U reënboog kleure
sigbaar aan ander kan maak in my lewe!
Dat hulle hartstogtelik na U sal verlang,
Een ook een met U wil wees, o Hoog Verhewe!
U sal altyd my rus wees, en ewige vrede.
Deur U, O Heilige Gees;
aanbid ek my Vader God, en Here Jesus.
By my reënboog Heiland wil ek vir ewig wees!

Hallelujah! Amen. En AMEN!

© Glenn Kahts

gedig deur

© Glenn Kahts



voorgelees deur

Sanet Potgieter



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za



# Reënboogverbond
## deur
## André Truter

André Truter



Na die vloed het God die eerste verbond met die mensdom gemaak en ook met alle lewende wesens op die aarde. God het gesê dat Hy sal nooit weer alle lewe op aarde uitwis met 'n vloed nie. Hy het die reënboog gegee as teken van die verbond. Die verbond is eensydig. Net God hoef iets te doen om die verbond te hou. Die ander party, alle lewende wesens, hoef niks te doen om die verbond te hou nie. God het die verbond gemaak uit Sy groot genade.

Later het God 'n verbond gemaak met Abraham. God sal sy afstamelinge vermeerder soos die sand van die see en Hy sal vir die afstamelinge van Isak die land van Kanaan gee. Die teken van hierdie verbond is die besnydenis. Hierdie verbond is egter 'n twee-sydige verbond. God het 'n deel om te behou, maar Abraham en sy afstamelinge het ook 'n deel om te behou. Die verbond is dat God sal Sy deel doen solank as wat Abraham en sy afstamelinge God eerbiedig en Hom gehoorsaam.

God het die verbond herhaaldelik hernu, eers met Isak en later met Jakob en toe weer met die hele volk en Moses by die berg Sinai, toe Hy Sy 12 gebooie gegee het.

Die Israeliete het egter die verbond herhaaldelik verbreek en elke keer het God hulle vergewe en die verbond met hulle hernu.

Met Jesus se dood is die verbond weer hernu en hierdie keer word al die nasies ingesluit. Die beloofde land word vervang met die ewige lewe. Jesus is die teken van die verbond, nie meer die besnydenis nie. Deur Jesus Christus as ons saligmaker te aanvaar, word ons deel van die verbond.

Ons breek ook die verbond elke keer as ons sondig, maar as ons na God gaan en opreg vra om vergifnis, hernu God Sy verbond met ons.



## Hemel Reënboog

Een oggend vroeg net na biduur
maak Vader vir my die hemel oop.
Die mense dans en sing,
speel harp en lier
om Vader te prys, aanbid en loof!

Daar is die mooiste reënboog!!!
Die heerlikheid van die reënboog
skyn rondom Vader, wie sit omhoog!

Mag ek een word met daardie reënboog?
In U heerlikheid omvou word?
Mag ek U loof en prys,
U vir ewig verhoog?
Vir ewig wil ek deur U liefde wees omgord!

U hemelse reënboog het die glans van smarag,
wat dui op ons ewige groei in U.
Wil so graag in hierdie ewige prag
met dans en sing, sê dankie!

U hemelse heerlikheid
slaan my dronk!
Met spring en lag
wil ek met U spog en pronk!
Heer Jesus, ek wil U altyd verhoog,
en dan rus in U reënboog,
my Koning en Voog!

Amen. En Amen!!! Hallelujah!!!

© Glenn Kahts

gedig deur

© Glenn Kahts



voorgelees deur

Sanet Potgieter



SCAN ME

Besoek ons webtuiste

met Ah, Willa! & VRIENDE

https://www.willa.co.za



# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## U Lig

Die kleure van die reënboog,
laat my in verwondering
oor U grootheid,
U almag,
U majesteit!

Wit lig, wat skyn deur verskillende
frekwensies,
om seker te maak almal
kan sien en verstaan...
Hoe groot is U!!!

U is die Lig vir die wêreld!

U verander verwoesting
in verbond.
U verander vernietiging,
in 'n nuwe begin...

'n Vertoning van kleure
in die hemel daarbo,
getuig van U Lig en belofte,
vir almal wat glo...

© Jani Kahts

gedig deur

© Jani Kahts



voorgelees deur

Angelo Titus



SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

## U Verbond's Reënboog

Die oumense het my kleintyd vertel,
dat as ek sou aanhou stap
tot aan die einde van die reënboog;
ek daar sou vind, 'n pot vol goud!

Het die oumense regtig gereken,
dat die kind soos 'n aap sal gaan stap
tot aan die einde van die reënboog;
net om 'n gekullery te ontbloot?

Ek het ook geluister na die lied wat vertel,
van die sproetgesig dogtertjie wat stap
langs die mure van beton, sonder 'n reënboog;
wat begryp het haar hart se mooi is soos goud ...

En meer as dit, U Woord vertel,
hoe ek elke dag in U lig moet stap -
van U verbondsteken - die reënboog;
wat ek met my hele wese bewaar soos goud.

© ♫~♥Ah,Willa!♥~♫
28 Mei 2024

gedig deur © ♫♥Ah,Willa!♥♫



voorgelees deur Jani Kahts





SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE

Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za

# Slot Gebed

deur

André Truter




Almagtige Vader,
mag hierdie werke uitgaan en
versprei om soveel mense moontlik
te bereik tot eer en verheerliking
van U naam.
Baie dankie vir die tegnologie
wat U gegee het om die
pragtige gedigte te kan opneem
en versprei oor die hele wêreld.
Mag U naam verheerlik word.
Amen





# Poësie Pouse met 'n Koppie Koffie

Wil jy gedigte deel,
voorlees of redigeer?
Sluit dan by ons
WhatsApp groep aan.
Kliek hier







Do you want to share,
edit or recite poems?
then do join
our WhatsApp group.
Click here

Linktree

Gaan na ons
LinkTree
vir al ons skakels,
klik hier

SCAN ME

met
Ah, Willa!
& VRIENDE



Besoek ons webtuiste
https://www.willa.co.za

# Agtergrond Musiek

## Ons is dankbaar vir al die kunstenaars Gevind by: Pixalbay

Die musiek in hierdie episode is van Pixalbay, vonkpos

willa@willa.co.za

as jy enige navrae het.

# Kontak en volg Ah, Willa! & VRIENDE op ons sosiale media

**KLIK OP DIE IKOON OM ONS TE VIND BY**

WWW

SCAN ME

met Ah, Willa! & VRIENDE




Besoek ons webtuiste

https://www.willa.co.za

Ditjies & Datjies,
Plus 'n Veertjie
saam met Ah, Willa! & VRIENDE
https://www.willa.co.za

SCAN ME

# Tot volgende keer - mooi loop!

Ah, Willa! & VRIENDE





**Besoek ons webtuiste**

https://www.willa.co.za

- Ah, Willa! -